# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom


**17 September 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 33-1:2,5
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE:** Matteus 22:37-40
**Gebed**
**Skriflesing:** Handelinge 2:14-36
**Sing:** Psalm 19-3:4
**Fokus:** Handelinge 2:36
**Preek:**



**Tema:**
*Die eerste preek – Jesus is Here en Christus.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 14-3:4
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3





**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: GKSA Sustentasiefonds.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 4
17 September: Wyk 5
1 Oktober: Wyk 6



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens. Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00.

**BYBELSTUDIE:**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel. Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/swa-qnxw-ygq

**LIEF EN LEED:**
- Sr. Cindy Mulpeter (082 857 1452) se skoonpa wat in Engeland gewoon het, is verlede Sondag oorlede. Cindy se skoonpa was die swaer van br. Chris (071 715 5536) en sr. Maryna (9076 668 6875) Reynders. Ons innige simpatie en meelewing aan Cindy en die res van die familie.
- Br. Neels Harmse is steeds in die ISE in Welkom Medi-Clinic, nadat hy weens ’n breuk ’n operasie ondergaan het. Ons vra voorbidding vir hom, veral omdat dit vir hom swaar is om in die ISE te wees. Ons vra ook voorbidding vir sy eggenote, sr. Ria (076 793 3254).
- Sr. Marthie van der Schyff (076 336 4266) sterk tuis aan, nadat sy ’n rugoperasie ondergaan het.
- Sr. Corrie de Lange (083 268 3294) sterk tuis aan, nadat sy ’n operasie aan haar hand ondergaan het.
- Ons vra voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is of beproewings beleef waarvan ons nie weet nie.



## Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 23 September 2023

| | | |
|---|---|---|
| 18 September | Ben Pieters | 082 402 2818 |
| 20 September | Braam Breedt | 057 352 2726 |
| 21 September | Mary Rundle | 082 465 7705 |
| 22 September | Rita Griesel | 083 632 0976 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

# Die Bybel

14 Daarop staan Petrus op, verhef sy stem en spreek hulle toe: “Jode,
en julle almal wat in Jerusalem woon – dit moet julle weet, luister goed
na my woorde: 15 Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie; dit is
immers nog net die derde uur van die dag. 16 Wat hier gebeur, is deur
die profeet Joël aangekondig: 17“ ‘En dit sal in die laaste dae gebeur,’
sê God: ‘Ek sal my Gees op alle mense uitstort – julle seuns en julle
dogters sal profeteer, en julle jongmense sal visioene sien, en julle ou
mense sal drome droom. 18 Ja, ook oor my slawe en slavinne sal Ek in
daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal profeteer. 19 En Ek sal bo in
die hemel wonders bewerk en tekens onder op die aarde: bloed en
vuur en rookwolke. 20 Die son sal verander in duisternis en die maan
in bloed, voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom. 21 Dan
sal elkeen wat die Naam van die Here aanroep, verlos word.’
22 “Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus van Nasaret was 'n man
wat deur God aan julle bekend gemaak is deur kragtige dade en die
wonders en tekens wat God deur Hom in julle midde verrig het, soos
julle self ook weet. 23 Julle het hierdie man, wat deur die vaste plan en
voorkennis van God uitgelewer is, deur die hand van wettelose mense
gekruisig en doodgemaak. 24 God het Hom egter laat opstaan en van
die lyding van die dood bevry, omdat dit onmoontlik was dat Hy deur
die dood vasgehou word. 25 Dawid sê immers oor Hom: “ ‘Ek het die
Here altyddeur voor my gesien, want Hy is aan my regterkant, sodat
ek nie wankel nie. 26 Daarom juig my hart en jubel my tong; ja, ook my
liggaam sal in hoop voortleef, 27 want U sal my siel nie aan Hades
oorlaat, en u Heilige nie ontbinding laat beleef nie. 28 U het vir my die
paaie na die lewe bekend gemaak – deur u teenwoordigheid sal U my
met blydskap vervul.’
29 “Broers, wat die stamvader Dawid betref, kan ek vir julle met
sekerheid sê dat hy gesterf het en begrawe is, en sy graf is tot vandag
toe by ons. 30 Omdat hy 'n profeet was, en geweet het dat ‘God met 'n
eed aan hom beloof het om iemand van sy nasate op sy troon te
plaas,’ 31 het hy, in vooruitskouing oor die opstanding van die
Christus, gesê: “ ‘Hy is nóg aan Hades oorgelaat, nóg het sy liggaam
ontbinding beleef.’
32 “God het hierdie Jesus laat opstaan – daarvan is ons almal getuies.
33 Nadat Hy tot aan die regterhand van God verhoog is en die belofte
van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Gees
uitgestort, en dit is wat julle sien en hoor. 34 Dawid het immers nie na
die hemele opgevaar nie, maar sê self: “ ‘Die Here het vir my Here
gesê: Sit aan my regterhand, 35 totdat Ek jou vyande 'n voetbank vir
jou voete gemaak het.’
36 “Laat die hele huis van Israel dan vir seker weet dat God Hom Here
en Christus gemaak het – hierdie Jesus wat julle gekruisig het.”

*~ Handelinge 2: 14-36 ~*

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796) orrelis@gkwelkom.co.za
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

***Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie.***

***~Spreuke 3:5 ~***

***Die wilger wat voor die storm buigoorleef die storm dikwels beter as die eikeboom wat teëstand bied.***

***~W. Scott ~***

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA